‘n Dag om te onthou

Ons lewe in 'n wêreld met ‘n vinnige pas. Tegnologie verander byna daagliks. ‘n Mens kan die nuutste, beste rekenaarmodel op die mark koop, en selfs voordat dit nog uitgepak en ingeprop is, is dit vir alle prakties doeleindes verouderd. Mense werk meer en meer ure net om te probeer om “‘n lewe te maak”, meestal tot die nadeel van ‘n huwelik, die familie, of selfs hul eie gesondheid. Die laaste paar dekades het ‘n reuse toename in die aantal verskillende stres verwante versteurings gesien.

Ons Skepper het ‘n beter lewenswyse in gedagte, ‘n wyse wat Hy met Sy skeppingswerk ingestel het spesifiek tot ons voordeel. Nogtans verwaarloos die meeste mense hierdie wyse totaal en al.

In die Begin...
Die heel eerste hoofstuk van die Skrif, Genesis 1, skets volledig die wonderbaarlike werk van die skepping. Dan lees ons in hoofstuk 2: ***“So is dan voltooi die hemel en die aarde met hulle hele leërmag. En Elohim het op die sewende dag Sy werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag gerus van al Sy werk wat Hy gemaak het. En Elohiem het die sewende dag geseën en dit afgesonder, OMDAT Hy daarop gerus het van al Sy werk wat Elohim geskape het deur dit te maak.”*** **(Gen 2:1-3)**

Ons kan verskeie belangrike punte vanuit hierdie teksgedeelte verstaan: eerstens dat ons Skepper op die 7de dag gerus het. Tweedens, dat Hy dit geseën en geheilig (dit afgesonder) het omdat Hy daarop gerus het. Die eenvoudige feit dat Hy gerus het, het spesiale tyd geskep.

Baie eeue later, na hul verlossing uit Egipte van slawerny, is die antieke Israeliete aan hierdie wonderlike daad herinner:

“*Toe het Elohim al hierdie woorde gepraat en gesê: Ek is YAHWEH jou Elohim wat jou uit Egipte, uit die slawehuis, uitgelei het. Onthou die dag van die Sabbat, dat jy dit afsonder. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Sabbat van YAHWEH jou Elohim; dan mag jy geen werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou vee of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie. Want in ses dae het YAHWEH die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag het Hy gerus. Daarom het YAHWEH die dag van die Sabbat geseën en dit afgesonder.”* **(Eks. 20:1-2, 8-11)**

Dus maak die Skrif dit duidelik dat die gebod om die Sabbat te bewaar (onderhou) verbind is met YAHWEH se rus op daardie 7de dag van die skepping. Dit is inderdaad ‘n herdenking van die skepping.

Die betekenis van hierdie dag is later uitgebrei:

“Onderhou die dag van die Sabbat, dat jy dit afsonder soos YAHWEH jou Elohim jou beveel het. Ses dae moet jy arbei en al jou werk doen; maar die sewende dag is die Sabbat van YAHWEH jou Elohim; dan mag jy geen werk doen nie - jy of jou seun of jou dogter, of jou dienskneg of jou diensmaagd, of jou os of jou esel of enige dier van jou, of jou vreemdeling wat in jou poorte is nie; sodat jou dienskneg en jou diensmaagd kan rus soos jy. En jy moet daaraan dink dat jy in Egipte 'n slaaf was, en YAHWEH jou Elohim jou daarvandaan uitgelei het deur 'n sterke hand en 'n uitgestrekte arm; daarom het YAHWEH jou Elohim jou beveel om die dag van die Sabbat te hou.” **(Deut 5:12-15)**

Dus is die Sabbat nie alleenlik ‘n herdenking van die skepping nie, maar ook van verlossing en bevryding van uit slawerny. Wat ‘n wonderlike prentjie!

Maar is dit nie net vir die Jode nie?
Baie opregte waarheidsoekers het al hierdie vraag gevra. Om dit te beantwoord, is daar sekere dinge wat in gedagte gehou moet word: eerstens, daar was geen “Jode” ten tye van die skepping nie! Tweedens, die term “Jood” verwys in werklikheid na die nageslag van Juda, wat net een van die 12 seuns van Israel is. Derdens, die Sabbat word nooit in die Skrif as slegs vir die Jode geïdentifiseer nie. Inteendeel, ons lees:

“Verder het YAHWEH met Moses gepraat en gesê: Spreek met die kinders van Israel en sê vir hulle: Die feestye van YAHWEH wat julle moet uitroep as heilige byeenkomste - dit is my feestye. Ses dae lank kan werk gedoen word, maar op die sewende dag moet daar 'n dag van volkome rus wees, 'n heilige byeenkoms; geen werk mag julle doen nie - dit is 'n Sabbat van YAHWEH in al julle woonplekke.” **(Lev 23:1-3)**

Dit is dus nie die “Joodse Sabbat” nie. Dit is ‘n afgespreekte tyd (afspraak) van YAHWEH en ‘n heilige vergadering (byeenkoms). Om die waarheid te sê is al die feeste van Levitikus 23 “feeste van YAHWEH.” Die Skrif vertel ons oor en oor dat daar een wet vir die vreemdeling sowel as die gebore Israeliet in die land is (sien Eks.12:48-49, Lev 16:19, 19:34, 24:22, Num 9:14, 15:15-16).

Het dit nie alles verander toe Messias gekom het nie?
Dit is nog ‘n algemene vraag wat mense het. Die feit is dat die Messias self met beskuldigings vanaf die Fariseërs en Skrifgeleerdes, dat Hy die mense geleer het om die Sabbat te verwerp en daaraan ongehoorsaam te wees, te doen gehad het. Kom ons vind uit in die Skrif wat die Messias self aangaande die Sabbat te sê gehad het:

“En Hy sê vir hulle: Die Sabbat is gemaak vir die mens, nie die mens vir die Sabbat nie.” **(Mark 2:27)**

Let daarop dat Hy NIE gesê het dat die Sabbat vir die “Jode” gemaak is nie, maar vir die mens (hele mensdom). Hy het ook nie gesê dat die mense dit nie meer hoef te onderhou nie. Hy het nooit beswaar teen die Sabbat gemaak nie; waarteen Hy het wel beswaar gemaak het was die mensgemaakte reëls en regulasies oor hoe om dit te onderhou, reëls wat deur die Fariseërs en skrifgeleerdes op die mense afgedwing is.

Let ook daarop dat Hy gesê het dat die Sabbat vir die mens gemaak is, dit was spesiaal vir die mensdom gemaak. As ons na Johannes 1 kyk, sien ons dat dit die Messias Yahshua self was wat die Sabbat geskep het, want Hy het alles geskape!

*“**In die begin was die Woord, en die Woord was by Elohim, en die Woord was Elohim. Hy was in die begin by Elohim. Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat***

ontstaan het nie." **(Joh 1:1-3)**

Aangesien "die Sabbat vir die mens gemaak" is en "alle dinge deur Hom (Yahshua) gemaak is, beteken dit dat Yahshua Messias die Sabbat spesifiek vir die mens **geskep** het!

Wanneer het dit verander?
Baie opregte gelowiges is geleer dat daar met die Sabbat mee "weggedoen is" toe die Messias gesterf het. Daar is egter geen enkele vers in die Skrif wat enigsins in konteks daarop dui dat die Sabbat ooit verander of mee weggedoen is nie. Inteendeel, daar is menigte verse wat bewys dat die Liggaam van gelowiges in die 1ste Eeu voort gegaan het om op die 7de dag bymekaar te kom en dit te eer as die Sabbat (sien byvoorbeeld Luk 23:56, Hand 13:14, 27, 42-44, 15:21, 16:13, 17:2, 18:4).

Dit is interessant om te sien dat selfs sekulêre geskiedenis bewys dat daar altyd 'n oorblyfsel van gelowiges was wat die 7de dag Sabbat gehou het.

So, wanneer het dit "verander"? Die Romeinse Keiser Konstantyn (die eerste "Christen" keiser-pous) het in 321 na Messias 'n edik uitgereik wat Sondag aanbidding onder straf van die DOOD vir oortreding daarvan as mandaat beveel het. Net terloops, sy "Christenskap" was 'n mengsel van Mithraïsme (son aanbidding) en die ware geloof, iets wat die Skrif duidelik in beide die Ou en Nuwe Testament uitdruklik verbied (sien 2 Kor.6:14-18).

"Laat alle regters en die hele stad en alle handelaars op die geëerde dag van die son rus. Maar laat diegene wat in die platteland woon onbelemmerd en met volle vryheid aandag gee aan die gewasse van hul lande; aangesien dit gereeld gebeur dat geen ander dag so gepas is vir die saai van graan of die aanplant van wingerde nie; daarom moet nie toegelaat word dat die gunstige tyd verbygaan nie, sodat die voorsiening van die hemel nie verlore gaan nie."– Gegee die sewende Maart, Crispus en Konstantyn wat die kanseliers is, elkeen vir die tweede maal. – 3/7/321 A.D.

Let daarop dat hierdie bevel byna 300 jaar na die Messias se dood, begrafnis, opstanding en hemelvaart uitgereik is!

Toe kom die **Konsilie van Laodisië** in 364 na Messias, wat "Judaïsering" deur die 7de dag Sabbat te onderhou, verbied het.

Kontrasteer dit met Hebreërs 4:8-11, wat sê dat daar 'n onderhouding van die Sabbat (Sabbatismos – letterlik Sabbat-onderhouding) vir die volk van YAHWEH oorbly, en dat ons moet strewe daarna om in daardie rus in te gaan deur van ons eie werke te rus soos YAHWEH van Syne gerus het. Yahshua die Messias het die Sabbat onderhou, net so ook die dissipels en Paulus.

As volgelinge van Messias, behoort die 7de dag Sabbat 'n spesiale plekkie in ons lewens te hê, 'n herdenking nie net alleenlik van die skepping nie, maar ook van ons verlossing deur die bloed van die Lam. Dit moet nie gesien word as iets wat geforseer word of selfs 'n las is nie, maar eerder 'n verlustiging.

"As jy jou voet terughou van die Sabbat - om nie jou sake op My heilige dag te doen nie, en as jy die Sabbat 'n verlustiging noem en die heilige dag van YAHWEH hooghou; en as jy dit eer deur nie jou gewone gang te gaan nie, nie geleentheid vir jou sake soek of ydele taal praat nie; dan sal jy jou verlustig in YAHWEH, en Ek sal jou laat ry oor die hoogtes van die aarde en jou laat geniet die erfdeel van jou vader Jakob; want die mond van YAHWEH het dit gepraat." **(Jes 58:13-14)**

Nie alleenlik moet die Sabbat 'n verlustiging wees nie, maar dit is ook 'n teken of merk van YAHWEH se mense:

"Spreek jy met die kinders van Israel en sê: Julle moet sekerlik my Sabbatte onderhou, want dit is 'n teken tussen My en julle in julle geslagte, sodat die mense kan weet dat Ek YAHWEH is wat julle afsonder. Onderhou dan die Sabbat, want dit moet vir julle heilig wees. Hy wat dit ontwy, moet sekerlik doodgemaak word; want elkeen wat daarop werk verrig, daardie siel moet uitgeroei word onder sy volksgenote uit. Ses dae lank kan werk verrig word, maar op die sewende dag moet dit wees 'n dag van volkome rus, heilig aan YAHWEH. Elkeen wat op die dag van die Sabbat werk doen, moet sekerlik doodgemaak word. En die kinders van Israel moet die Sabbat onderhou deur die Sabbat te vier in hulle geslagte as 'n ewige verbond. Tussen My en die kinders van Israel is dit vir ewig 'n teken; want in ses dae het YAHWEH die hemel en die aarde gemaak, maar op die sewende dag het Hy gerus en Hom verkwik." **(Eks.31:13- 17).**

Die 7de dag Sabbat is vir YAHWEH heilig, en dit is veronderstel om vir ons (as geestelike Israeliete) ook heilig te wees. Die Messias het self verklaar dat ware gelowiges die Vader in Gees en in waarheid moet aanbid (Joh 4:23-24)

Die Toekoms...
"Want soos die nuwe hemel en die nuwe aarde wat Ek maak, voor My aangesig sal bestaan, sê YAHWEH, so sal julle nageslag en julle naam bestendig wees. En elke maand op die nuwemaan en elke week op die Sabbat sal alle vlees kom om te aanbid voor My aangesig, sê YAHWEH." **(Jes 66:22-23)**

Die konteks van hierdie verse is duidelik toekomstig, en dit openbaar dat alle vlees inderdaad YAHWEH se 7de dag Sabbat gaan onderhou.

Die 7de dag Sabbat bly 'n dag waarop ons beveel word om as 'n dag van rus en interaksie met ander gelowiges te hou. Maar dit is ook 'n ongelooflike seën van YAHWEH; een dag uit elke week waarop ons kan rus en verfris word, asook al ons bekommernisse en sorge van die wêreld agterlaat om die een ware Elohim van die heelal in totale vrede te kan aanbid.

Die Sabbat IS waarlik vir die mens gemaak!

Wie is ons?
Ons is die Gemeente van YAHWEH, met ons hoofkwartiere gesetel in Jerusalem, Israel. Ons missie is om YAHWEH ons Hemelse Vader en Sy Seun, Yahshua die Messias, lief te hê, te vereer, en te verhoog; om lewens van geregtige gehoorsaamheid aan Sy verordeninge en wette te lewe; om voortdurend te groei in kennis en verstand van Sy waarheid; om Sy Woord te bestudeer en die Goeie Nuus van die Messias se komende koninkryk te verkondig; om dissipels te maak; om Sy mense te voed, te versorg en lief te hê; en om YAHWEH oral te volg waar Hy ons ook al mag lei.

Indien jy enige verdere inligting verlang oor die Sabbat of meer studies wil bekom, besoek gerus ons webtuiste by www.coyhwh.com